Skriflesing: Romeine 9:1-21
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 15**
Teks: Romeine 9:14, 18-21
Sing- Ps. 68:1; Ps. 20:1,6,9; Ps. 2:6

Dit gaan in hierdie paragraaf om die feit van die verwerping, broeder en suster. Wanneer ons so dikwels die woord uitverkiesing hoor, dan impliseer dit duidelik dat daar ook hulle sal wees wat nie uitverkies is nie. Tog moet ons versigtig wees om God se besluit tot verwerping maar net te sien as die ander kant van die munt. Die besluit tot die verwerping is nie maar net die teenoorgestelde van die besluit tot die uitverkiesing nie. So mag ons nie redeneer nie, dit moet ons ook goed weer. Tog is die verwerping soos die uitverkiesing 'n ewige onveranderlike voorneme van God wat in die welbehae van God vasgemaak is om mense in die ellende waarin die mense hulleself gewerp het, nie aan te neem nie. Die reddende geloof en die genade van God wat bekering bring, sal nie in die lewens van hulle wat verwerp is hulle deel kan wees nie.

***

Die feit bly staan dat nie alle mense uitverkies is nie. Ons belydenis stel dit dat God besluit het **om hulle, na sy volkome vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae, in die gemeenskaplike ellende te laat bly. Daarin het hulle hulleself deur hulle eie skuld gestort. God het immers besluit om nie aan hulle die saligmakende geloof en die genade van die bekering te gee nie.** Ons hoor nog weer dat God werklik vry is, God se besluite is regverdig, onberispelik, onveranderlik. Op geen manier en op geen stadium kan God van onreg beskuldig word nie.

Daarom geliefdes, laat ons net aanvaar wat in God se Woord staan, dan begin ons met ons gelese gedeelte vanoggend. Paulus is in Romeine 9-11 besig met wat paragraaf 15 ook mee besig is- 'n Mens wil eintlik sê dat Paulus is pens-en-pootjies hierby ingetrek, want dit gaan om sy eie volk oor wie hy hier skrywe. Die groot vraag vir hom sou wees- Hoe kan dit gebeur dat daar so baie Jode (sy volksgenote) is wat deur ongeloof verlore gaan? Dit bly op 'n manier vreemd! Hulle was dan so besonder bevoorreg. Die Woord was aan hulle verkondig. Hulle was aangeneem as kinders van God. God het sy verbond met hulle gesluit. Uit hulle is die Messias gebore.

En tog…die groot deel van die Jode staan in ongeloof teenoor Jesus. Bedrieg God ons dan nie met sy Woord nie? Is sy Woord nie dalk magteloos om ons te red nie? Blyk God nie uiteindelik 'n magtelose Redder nie? Is dit nie dalk SY skuld dat so baie verlore gaan nie?

In Romeine 9 sien ons, uit die manier waarop die Here met Israel gewerk het, dat die Here se Woord nie skielik sy krag verloor het en dat God nie onregverdig is nie. Daar is verskillende voorbeelde wat ons hier aan kan dink. Dit wat ons op verskillende plekke lees, soos ook in Mal.1:2-4 moet duidelik weer gehoor word- *Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee. As Edom sê: Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou—dan sê die HERE van die leërskare dit: Laat hulle bou, Ek breek dit tog af; en die mense sal hulle noem: Grondgebied van goddeloosheid, en: Die volk waarop die HERE vertoornd is tot in ewigheid!* Vóór hierdie woorde staan God se liefde onbetwisbaar sterk- Mal 1:1-2 begin met God se liefde, vóór daar nog van enige haat sprake kon wees- Dink net wat dit waarlik beteken as die Here sê – *Ek het julle liefgehad…* maar God sê wel dat Hy Esau nie liefgehad het nie- trouens die Here maak geen geheim van dat Hy Esau haat nie.

Esau en sy nageslag die Edomiete word gereken as volk *waarop die HERE vertoornd is tot in ewigheid…* Ons moet baie goed besef wat God se liefde beteken. Liefde word aan ons gewys as daardie begeerte om noue kontak, eintlik besondere verbondsgemeenskap wat God met iemand wil hê. Dit wat ware geluk, Bybels gestel, dit wat saligheid beteken, dat dit goed mag gaan, selfs al is dit ten koste van die een wat die liefde gee.

***

Nou kan ons aanvaar as God sê dat Hy Esau haat, dan sluit dit in dat God daardeur verklaar daardie ewigdurende gemeenskap wat God met iemand wil hê omdat God so iemand liefhet geld nie vir Esau nie. God wil dan nie so 'n verhouding tot stand laat kom nie. Esau sou nie deur God nader getrek word nie. Die volk Israel het in alles die groot besluit van God in hulle hele bestaan moes raaksien. God het met hulle 'n verbond opgerig, terwyl daar soveel ander volke was met wie God sy verbond kon sluit.

God het egter met Israel begin, dit was God se besluit en só sou dit wees. Deut. 10:14-15 *Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is.* God het besluit om Hom so aan Israel te openbaar- ook as ons Psalm 147:2 lees- *Die HERE bou Jerusalem op; Hy versamel van Israel die wat verdryf is.* Israel word versamel maar van die

ander volke lees ons in Hand 14:16-17- *Hy het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel, al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.*

***

Al is die grootste deel van die ander volke verbygegaan, het God Hom nie teenoor hulle onbetuig gelaat nie. Dit is belangrik om dit raak te sien. God se skepping, God se regering van die wêreld, is alreeds heeltemal genoeg dat hulle God se ewige krag en goddelikheid moes raaksien. Hoor weer Rom.1:20 - *Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie…*

Niemand sal kan sê, maar God het Hom aan my onbetuig gelaat, ja niemand het enige verontskuldiging nie, maar nou word dit net nog duideliker gemaak dat sonder God se besondere bemoeienis, ja kom ons sê dit dat sonder die uitverkiesing sal niemand tot geloof en redding kan kom nie! In 1 Petrus 2:7-9 staan dit ook só geskrywe- *Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling— vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, <u>waarvoor hulle ook bestem is.</u>* Dit waarvoor hulle bestem is, maak dit duidelik dit is God wat dit bepaal. Die Grieks gebruik vir die woord bestem- die woord τίθημι tithemi – waar die woord duidelik wys op die spesifieke plek waar iets neergesit word. Waar ons neergesit gaan word, is wat God besluit het en niemand anders nie. As daar van die klei in God se hand nie as voorwerp van eer nie, maar as voorwerp van oneer bestem is, dan is dit alleen God se besluit.

***

Ons moet hier baie versigtig bly en nie die leer oor die verwerping bloot sien as die teenoorgestelde van hulle wat nie uitverkies is nie. Die uitverkiesing bring bepaalde vrugte voort. Geloof en bekering word aan die uitverkorenes geskenk. Om nou bloot skematies te dink en te sê die feit van die verwerping dit maak dat God aan iemand ongeloof en ongehoorsaamheid geskenk het, is nie waar nie. Ons mag nie ongeloof en ongehoorsaamheid by God gaan soek en die mens se ongeloof en ongehoorsaamheid die vrug van die verwerping noem nie. As dit waar sou wees dan word God inderdaad die oorsaak of die outeur van die sonde gemaak.

Die uitverkiesing lei wel tot geloof en ongehoorsaamheid, maar moet nie in dieselfde asem wil sê dat verwerping lei tot ongeloof en ongehoorsaamheid nie. God is nie die oorsaak dat mense sondig nie. Die besluit van God se verwerping mag nie misbruik word as rede dat mense hulleself daarmee aan die slaap wil sus nie.

***

Ons moet heeltyd met ons hele hart en verstand daaraan vashou dat alle mense ewe skuldig is. Ná die sondeval is alle mense tot alle kwaad geneig. Van nature geheel en al korrup, selfs van nature geneig om God en my naaste te haat. Die verwerping is nie die oorsaak van hierdie natuurlike boosheid nie, verwerping is ook nie die oorsaak van mense se ongeloof en ongehoorsaamheid nie. Die verwerping laat so 'n mens maar net in die ongehoorsaamheid en ongeloof bly, waarin hy/sy reeds was. Dit is nie God wat mens in die sonde laat kom het nie, maar dit is wel God wat kan besluit om mense in hulle sonde ellende te los waarin die mens homself ingestort het. Dit is wat die Here ons in Deut.29:4 duidelik maak- *Maar die HERE het julle nie 'n hart gegee om te verstaan en oë om te sien en ore om te hoor tot vandag toe nie.* Dit kan met 'n mens alleen anders gaan as dit gebeur wat in Deut. 30:6 staan - *En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.*

Dit is God se volle reg en besluit om sekere mense se harte te besny en ander se harte te los soos wat hulle harte in hulle sonde reeds is. Dit is wel God wat besluit om sekere mense verby te gaan en dan wel ook ander mense te kies. Die feit dat mense in hulle ellende agtergelaat waarin hulle hulself ingestort het, dit sien ons raak. . Selfs uit dieselfde moederskoot, selfs tussen 'n tweeling kan hierdie verskil gesien word. Die voorbeeld van Jakob en Esau staan wéér voorop- Rebekka het dié twee seuns verwag 'n Tweeling. Kinders van Isak. En tog kry net een van die twee seuns die vervulling van die seën. Die Here kom maak self onderskeid tussen twee seuns wat die nageslag van Isak was. Nie almal uit Israel is Israel nie. Jakob, die jongste, word bo Esau gekies. Nie omdat Jakob beter was as Esau nie. Voordat hulle gebore was en voor hulle goed of kwaad gedoen het, word vir Rebekka gesê - *Die oudste sal die jongste dien.* Dit moes vasstaan volgens die voorneme van God.

Uit die nageslag van Isak kies die Here self wie die seën sal ontvang volgens wat God in Christus beloof het. Die een verdien dit nie meer as die ander nie. Dit is volgens God se verkiesing. Volgens sy roeping. Hy roep hulle met die evangelie tot geloof in sy beloftes - volgens sy eie keuse. God roep dus UIT die hele Israel vir Hom kinders. Het God se Woord

dus verval? Het sy Woord magteloos geword? Is God dan onmagtig om al die Jode te red? Is God dan onregverdig? Dit is die vraag in Rom. 9: 14. Die aanklag van onreg by God wys Paulus ten sterkste af : *Nee, stellig nie!!* God kan nie gemeet word aan die gevoelens van mense oor wat regverdig is nie. Nee, Paulus laat ons sien hoe die Here red volgens sy eie ontferming. Ons gevoelens van wat regverdig is al dan nie, beteken niks. Dit is ook nie ons idee van wat onregverdig is wat deurslaggewend is nie.

Daarom laat Paulus ons luister na die manier waarop die Here Hom aan Moses bekend gemaak het. Vir Moses het die Here gesê: *Ek sal barmhartig wees oor wie ek wil barmhartig wees en my ontferm oor wie ek my wil ontferm...* Moses moes sien dat alles hang af van God wat barmhartig is. Dit hang nie af van die een wat homself inspan nie, maar van God wat barmhartigheid bewys. Dit is nou juis in hierdie bewys van sy genade aan wie Hy wil en die verbygaan aan ander, dat sy groot regverdigheid gesien kan word. Om dit te begryp, moet ons gaan let op die besondere omstandighede waaronder die Here Hom bekendstel as die een wat Hom ontferm oor wie Hy Hom wil ontferm.

Die Here maak Homself met hierdie woorde bekend onmiddellik nadat die volk van die Here hulself besondig het met die goue kalf. Net nadat die Here al sy genade aan hulle bewys het deur hulle uit Egipte te verlos. By Sinai kom sluit die Here sy verbond opnuut met Israel. Die woorde van genade was nog nie koud nie, toe vertrap Israel al weer die liefde van die Here. Hulle kies openlik om die Wet van die Here te oortree deur die maak en verering van die goue kalf. Die Here wou met een veeghou die hele volk vernietig en hulle hul verdiende loon laat ontvang. Moses gaan staan tussen die Here en sy volk. Die Here spaar dan sy volk, maar Hy wil nie meer persoonlik saam met hulle trek na die beloofde land nie. Hy wil nie meer by hulle woon nie. Almal verdien die dood. Hulle verdien nie dat Hy hulle God sal wees nie. Moses pleit egter dat die Here heel persoonlik saam met hulle trek. Anders kan hulle ewe goed in die woestyn bly en sterf.

***

En dan sien ons die diepte van die genade van die Here. Hy willig in om sy volk nie te vernietig nie. Met ’n sondige volk sal Hy verder gaan. Maar hoe kan dit?!! Hoe is dit moontlik?!! Hulle verdien dan slegs om geoordeel te word! Tog kies die sondelose Here om saam te trek met ’n volk wat onrein is en die dood verdien! Juis op hierdie tydstip maak die Here Homself dan met hierdie heerlike naam bekend *Ek sal barmhartig wees oor wie ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie ek My wil ontferm.* Só wil die Here by sy kinders

bekend wees. En alleen op hierdie manier kan en wil Hy met hulle verder trek. God se volkome vrye, regverdige, onberispelike, onveranderlike welbehae word nou baie duidelik gestel.

Soveel reg soos wat God het om sekere mense wel te kies, net soveel reg het God om andere nie te kies nie. As God sou besluit om niemand te kies nie, dan was dit in alle geval óók God se reg en sou God nog reg gewees het. Geen mens sou God op enige stadium nog ooit van enige onreg kon beskuldig nie. Dit is hoegenaamd nie onskuldige mense van wie hier gepraat word nie. Selfs hulle wat gekies word, is in alle geval net so skuldig soos die wat wel by die besluit van die verwerping moet agterbly. In die Nederlandse Geloofsbelydenis word die feit vandat sekere mense wel verwerp word eintlik as bewys van God se regverdigheid bely- Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit as volg- **Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.**

Dit wat ons hier hoor het die Here eintlik so duidelik vir Farao ook gesê toe God sy volk uit Egipte wou uitlei- Die Here sê vir Farao in Exodus 9:16- *maar juis hierom het Ek jou nog laat bestaan, dat Ek jou my krag kan toon, en dat hulle my Naam op die hele aarde kan verkondig.* Dit is op grond van hierdie uitspraak dat Paulus in Rom.9 ook van Farao praat juis by monde van Moses - *Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is. Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde. So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil.*

***

Broeder en suster, dit alles laat ons maar net besef of dit gaan om God se besluit tot verkiesing, of ook sy besluit tot verwerping, dit bly die soewereine wil van God. Selfs Farao se volharding tot verharding het op die einde moes dien om God se krag op hierdie aarde

duidelik te maak. Om hierdie dinge so te verstaan, is alreeds ’n gawe van God. Ons dink hier aan wat die Here Jesus ook vir sy dissipels gesê het- Matt.13:11- *Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie.* Net om die boodskap van die evangelie te verstaan is alreeds ’n gawe van God. Hierdie gawe word nie aan alle mense gegee nie. As Jesus in Matt.11 met die verskillende stede praat- Gorasin, Bethsaida, Kapernaum, dan het hierdie stede nie in Christus geglo nie, al het Christus sulke magtige wonders daar gedoen. Dit is nie aan hulle gegee om te glo nie. Vv.25-27 maak dit bekend- *In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae. Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun <u>en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar</u>.*

Dink u dit in- Christus reageer op hulle ongeloof deur God daarvoor te prys. God wat besluit aan wie Hy die waarheid sal openbaar en ook vir wie God dit verborge sal hou. Net die gawe om dit te verstaan is al besonders. Die uitverkiesing maak dit moontlik, dit bly die bron, die fontein. Om te verstaan is nodig in ons geloof, maar hierdie gawe om te verstaan is nie aan alle mense gegee nie, daarom het die leer oor die verwerping nie ’n sagte kant wat ons on verkondig mag laat nie.

Alles hang van God af wat barmhartig is. Daarmee word nie gesê dat ons nie God se genade en barmhartigheid moet soek en begeer nie - dit MOET! Maar verwag nie Sy seën van die erns van jou soeke nie. Verwag dit van God wat ter wille van Jesus Christus, jou genadig sal wees. Moenie ‘n dieptepunt van sondebesef probeer bereik om daarmee die Here te manipuleer om te vergewe nie! Dit hang nie van ons inspanning af nie, maar van God wat barmhartig is. Ja, bely jou sonde, bid om genade, smeek om genade, soos Moses dit gedoen het. Maar verwag alles van God se barmhartigheid. Niemand beskik ooit op enige reg op God se genade en barmhartigheid nie. God is niemand se skuldenaar nie - niemand kan Hom verplig tot iets nie. Daarom is daar by God geen sprake van onreg nie. Gaan Hy iemand verby, dan is dit alleen omdat hy iemand in sy sonde laat. Ontferm Hy Hom, dan is dit omdat Hy wil. Daarin is God vry. Hy is volkome vry in Sy genade!

AMEN


toon dit verder baie duidelik aan
verkondig dit nadruklik aan ons
Wat?
hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing
betuig bowendien
dat nie alle mense uitverkies is nie
maar dat sommige nie uitverkies is nie
of (anders gestel) in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is
Op grond waarvan?
na sy volkome vrye
regverdige
onberispelike
en onveranderlike
welbehae
In die gemeenskaplike ellende, het hulle hulleself deur hulle eie skuld gestort
Wat?
die saligmakende geloof
die genade van die bekering
Om sy geregtigheid te openbaar
om hierdie mense aan hulleself oor te laat
om hulle onder sy regverdige oordeel te laat bly
om hulle nie alleen oor hulle ongeloof te te veroordeel en ewig straf nie
maar om hulle ook oor al hulle ander sondes te veroordeel en ewig te straf


Die voorgaande is die besluit van die verwerping
Dit maak God hoegenaamd nie tot bewerker van die sonde nie
want dit sou 'n godslasterlike gedagte wees
inteendeel, dit sê juis dat God 'n gedugte, onberispelike en regverdige Regter is wat die sonde straf.